

**18 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:153-176**  
**Fokusgedeelte: Psalm 119:159**

### **God is lief vir my**

Watter waarheid is vir jou 'n wonderlike troos, 'n heerlike bemoediging? Daar is talle gepaste antwoorde op so 'n vraag. Tog is daar 'n waarheid waarsonder ons nie een oomblik kan of wil bestaan nie: God se liefde vir ons.

God is lief vir my. God het Hom oor my ontferm. Hy het my opgetel waar ek in my sondeverlorenheid gelê het. Hy het my vol deernis sy kind gemaak. Om werklik te weet dat God vir my lief is, is een van die heerlikste ontdekkings waartoe 'n mens ooit kan kom. Dit gee hoop en vrede, dit inspireer ons en gee sin aan ons lewe.

In sy groot liefde gee die Here elke dag aan ons die lewe as gawe en beskerm en bewaar Hy ons. Hierdie lewe, wat die Here uit liefde vir sy kinders gee, is die ware lewe – die lewe tot in ewigheid. Dit strek verby die dood en die graf. God gee hierdie geskenk aan elkeen wat sy Seun Jesus in opregte geloof aanneem. God het hierdie lewe vir ons kom moontlik maak. In sy groot liefde het Hy sy enigste Seun aan die kruis laat sterf sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê (Joh. 3:16).

Van hierdie lewe sê die apostel Paulus: “Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig enduit volgehou. Nou wag die oorwinnaarskroon vir my – die lewe by God” (2 Tim. 4:7, 8).

Wees vandag weer vol blydschap en vreugde wanneer jy aan die Here se ontsaglike liefde dink en aan die ware, ewige lewe wat hy uit liefde vir jou gee. Gaan en beantwoord sy liefde met 'n lewe van gehoorsaamheid aan sy opdragte. Dit is die wekroep van Psalm 119!

*Sing: Psalm 40:6*

*Ds. L du P van der Vyver (Silverton)*